

	Titel:	Onderwerp:	Tipe gedig:
Positiewe emosies	<ul style="list-style-type: none"> Die titel van hierdie gedig, "Valentynsdag", is die sleutel tot talle ruimtelike kodes in die gedig. 	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie gedig vergestalt die dichotomieë van onsekerheid teenoor opgewondenheid en waaghalsigheid teenoor senuagtigheid wanneer daar met die liefde in onderhandelinge getree word. 	<ul style="list-style-type: none"> Vrye vers: Gee vryheid aan beide digter en leser om enersyds haarself uit te druk en andersyds interpretasie-moontlikhede te vergroot.
	<ul style="list-style-type: none"> Die leser weet dat die 14de Februarie gekenmerk word deur die konkretisering van liefde tussen twee bemindes, hetsy deur liefdeskaartjies, sjokolades en dies meer. 	<ul style="list-style-type: none"> Die digter verwoord die innerlike wroeging van die spreker wat die moontlike positiewe en negatiewe nagevolge sou hy of sy die liefde beken, op die weegskaal plaas. 	<ul style="list-style-type: none"> Die sestienreëlige gedig word egter in twee oktawe opgedeel en kan dus as twee dele gelees word.
	<ul style="list-style-type: none"> Die titel ontlok ook die mitologiese figuur van Cupido, die afbeelding van die Latynse god van liefde en begeerte wat uitgebeeld word as 'n mannetjie met 'n pyl en klein vlerkies. 	<ul style="list-style-type: none"> Kalwerliefde en die onsekerhede wat gepaard gaan met hierdie jonkheid, is 'n oorkoepelende tema in die gedig. 	
	<ul style="list-style-type: none"> Hierdie uitbeelding kan moontlike frustrasie van die spreker uitbeeld, juis omdat die spreker onwillekeurig aan hierdie liefde of begeerte onderworpe is. 	<ul style="list-style-type: none"> Deur die titel word die leser dadelik bewus gemaak dat hier met jongmensliefde, begeerte en onsekerheid te werk gegaan word en hierdie jonkheid word verder deur die loop van die gedig gestaaf deur kodes soos "skoolstoepe" (r. 2). 	
	<ul style="list-style-type: none"> Die <i>Etimologiewoordeboek van Afrikaans</i> beskryf die leksikale item soos volg: Valentynsdag s.nw. Dag in Februarie waarop 'n kaartjie gestuur word aan iemand van wie jy hou of voor lief is. Uit Ndl. <i>Valentijnsdag</i> (1899). Ndl. <i>Valentijnsdag</i> uit Eng. <i>Valentine's day</i> (1824), so genoem na die heilige Sint Valentyn wat op 14 Februarie herdenk word. Die feesdag van Sint Valentyn is verbind aan die Romeinse fees van die Lupercalia waarop ongetroude vrouens hulle wens om te trou, kon uitspreek. Hulle name is op potskerwe geskryf en in 'n kruik gegooi waaruit die mans dan vir hulle lootjies getrek het. Die Eng. kerk het eeue later die seremonie afgewater tot die stuur van liefdesbriewe en dit simbolies verbind aan die tyd van die jaar wat die voëls begin paar. Die fees van die Lupercalia is op 15 Februarie gevier, maar omdat geen heilige 'n feesdag op dié dag gehad het nie, het die kerk die naaste datum aanvaar, nl. 14 Februarie. Vgl. Fr. (<i>la</i>) <i>St-Valentin</i>, It. <i>giorno di San Valentino</i>, Sp. <i>dia de San Valentín</i>. 		
	<p>Die titel hou verdere implikasies vir die leser in:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse konteks hou in dat sintuiglike kodes by die leser geaktiveer word. Die leser weet inherent dat dit somer, na aanleiding van die datum, is. Daarom kan die lug skoon en blou, met 'n warm temperatuur en groen blare aan die bome deur die titel gesuggereer word. 		
	<ul style="list-style-type: none"> Dit dui op jonkheid, dalk ook naïwiteit van die spreker aan, wat na aanleiding van 'n onvermydelike herfs tot ontugtering kan lei. 		